AfriForum

# GEWELD, POLISIEKLOPJAGTE EN DEURSOEKINGS IN SKOLE

Riglyne vir ouers en onderwysers




SAAMGESTEL DEUR MARNUS KAMFER, ALANA BAILEY EN LEANDIE BRÄSLER

AFRIFORUM, JUNIE 2023

# INHOUDSOPGAWE


Inleiding.................................................................................... 3
Die omvang van geweld in skole.................................................. 4
'n Fokus op boeliery in skole en wenke oor proaktiewe optrede daarteen........................................................ 6
Riglyne vir deursoekings by skole................................................ 8
    Waarop mag daar beslag gelê word gedurende so 'n deursoekingsproses?....................................................... 8
    Wie mag die deursoeking behartig?........................................ 9
    Wenke vir die skoolhoof........................................................ 10
    Klagteprosedure.................................................................. 10
    Ten slotte............................................................................ 10
'n Templaat vir gebeurlikheidsbeplanning.................................... 11
Verdere leesstof.......................................................................... 12
    Geweld in skole.................................................................... 12
    Boeliery.............................................................................. 13

# INLEIDING

Om deursoek te word – veral as jy weet jy het niks gedoen nie – bly 'n bitter pil om te sluk. Daar is egter 'n situasie wat die eersgenoemde troef, en dit is wanneer jou kinders deursoek word.

Die heel ergste is egter: Jou kind word deursoek deur 'n vreemdeling by 'n plek wat jy altyd as veilig beskou het – die skool!

Ons leef in 'n tyd waarin menseregte seëvier, wat tot gevolg het dat ons heftig reageer as die menseregte van ons of ons gesin geminag word. Om deursoek te word maak immers inbreuk op ten minste twee grondwetlike regte, wat in die Handves van Regte vervat is en dit dus bewaarde regte maak, te wete die reg op menswaardigheid (artikel 10 van die Grondwet) en die reg op privaatheid (artikel 14 van die Grondwet).

Wanneer ons die Grondwet egter verder bestudeer, is dit 'n ontnugtering om te sien dat artikel 36 bepaal dat hierdie bewaarde regte onder spesifieke omstandighede ingeperk mag word.

Artikel 36 bepaal:

(1) Die regte in die Handves van Regte kan slegs kragtens 'n algemeen geldende regsvoorskrif beperk word in die mate waarin die beperking redelik en regverdigbaar is in 'n oop en demokratiese samelewing gebaseer op menswaardigheid, gelykheid en vryheid, met inagneming van alle tersaaklike faktore, met inbegrip van –
(a) die aard van die reg;
(b) die belangrikheid van die doel van die beperking;
(c) die aard en omvang van die beperking;
(d) die verband tussen die beperking en die doel daarvan; en
(e) 'n minder beperkende wyse om die doel te bereik.

(2) Behalwe soos in subartikel (1) of in enige ander bepaling van die Grondwet bepaal, mag geen regsvoorskrif enige reg wat in die Handves van Regte verskans is, beperk nie.

Om regmatig deursoek te word, is een van hierdie omstandighede.

AfriForum ontvang soms navrae van ouers en onderwyspersoneel oor deursoeking by skole. Ons het hierdie gids dus saamgestel om antwoorde op die algemeenste vrae te verskaf, maar om ouers en skole ook toe te rus om voorbereid op deursoekings te wees en te weet wat hul regte is wanneer dit gebeur.



# DIE OMVANG VAN GEWELD IN SKOLE

Die eerste vraag is natuurlik waarom deursoekings hoegenaamd nodig is? Geweld in skole is 'n internasionale probleem. Volgens UNESCO word ongeveer 246 miljoen kinders regoor die wêreld jaarliks daardeur geraak.

Die voorkoms van geweld in Suid-Afrikaanse skole is tans só algemeen dat dit as 'n epidemie beskryf word. Bevindings van die *Teaching and Learning International Survey* (Talis) wat in 2018 onderneem en in 2019 bekendgemaak is, dui daarop dat Suid-Afrika die land is waar voorvalle van skolegeweld die meeste voorkom. Een uit drie plaaslike skoolhoofde wat aan die peiling deelgeneem het, het gemeld dat dade van intimidasie of boeliery onder leerders ten minste weekliks by hul onderskeie skole plaasvind. Voorvalle van geweld in Suid-Afrikaanse skole was meer as twee keer meer vergeleke met skole in die ander 47 deelnemende lande.

Die afgelope paar jaar was daar 'n kommerwekkende styging in gewelddadige en dikwels selfs noodlottige aanvalle op onderwysers en leerders op skoolterreine. Die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) het in November 2022 statistiek bekend gemaak wat toon dat 19 moorde in die voorafgaande jaar by opvoedkundige fasiliteite reg oor die land gepleeg is. In April 2022 is daar ook aangedui dat 33 onderwyspersoneellede in die Wes-Kaap tussen 2016 en 2022 ernstig aangerand is. Die ander provinsies se statistiek is nie eens hierby ingesluit nie. Teen 14 Februarie 2023 is ten minste ses gewelddadige voorvalle reeds in skole regoor die land aangemeld.

Geweld in skole kan plaasvind tussen:

- leerders onderling,
- leerders en onderwyspersoneel,
- onderwyspersoneel onderling, en
- buitestanders en leerders en/of onderwyspersoneel.

In die meeste gevalle is dit leerders wat ander leerders aanval. Dieselfde kinders kan ook sowel die plegers as die slagoffers van geweld wees.

Vier tipes geweld kom voor:

- fisieke geweld
- lyfstraf
- boeliery
- seksuele geweld

Hierdie tipe gevalle skend leerders en onderwyspersoneel se grondwetlike regte tot veiligheid en onderrig. Dit het omvattende negatiewe gevolge vir leerders, onderwyspersoneel en selfs die gemeenskappe waarin die betrokke skole is.

Onderwysers se vermoë om gehalteonderrig aan te bied word daardeur benadeel en hulle mag selfs die onderwysberoep uit vrees verlaat. Kinders se vermoë om te leer word uiteraard ewe ingrypend geraak en met swakker onderwys word die hele gemeenskap se toekoms benadeel. Volgehoue vrees en die gevolge van gewelddadige aanvalle het uiteindelik uitgebreide gesondheids- en ekonomiese koste vir die land tot gevolg.

Wanneer daar teen skolegeweld opgetree word, is dit dus belangrik om nie net op die gewelddadige gebeure self te let nie, maar ook die kultuur van vrees wat daardeur geskep word en die gevolge daarvan wat onder meer die skoolgemeenskap se welstand, aantreklikheid van die onderwysberoep, skoolbywoning en leerderprestasie betref. Leerders en onderwyspersoneel moenie net teen geweld beskerm word nie, maar ook teen die vrees daarvoor.

Skoolveiligheid is 'n noodsaaklikheid, nie 'n luukse nie. Kinders wat op 'n jong ouderdom aan geweld blootgestel word, loop die risiko om self slagoffers en selfs geweldplegers te word. Om hierdie rede moet veilige skoolomgewings geskep word. Skole is immers ruimtes waar kinders nie alleen akademiese onderrig ontvang nie, maar ook op die volwasse lewe voorberei word. Hulle moet daar kan leer om met 'n wye verskeidenheid mense oor die weg te kom. As hulle skoolervaring een van vrees en wantroue is, het dit uiters negatiewe gevolge vir hul selfbeeld en sosiale vaardighede.

Navorsing het bevind dat skole in gebiede geleë waar sosio-ekonomiese probleme en geweld oor die algemeen

voorkom meer geneig is om onder skolegeweld deur te loop. Dit beteken egter glad nie dat skole in veiliger of welvarender gebiede van geweld gevrywaar is nie.

Leerders wat wapens soos messe en selfs vuurwapens op skoolterreine dra of wat onder die invloed van middels soos dwelms en alkohol verkeer, het op vele plekke reeds deel van die alledaagse skoollewe geword. Redes wat hiervoor aangevoer word, sluit in dat skole onvoldoende hulpmiddels het om hierdie soort oortredings te identifiseer, of infrastruktuur om skuldige leerders (of buitestaanders) van die skoolterrein weg te hou. Wanadministrasie en korrupsie veroorsaak weer dat die Departement van Basiese Onderrig nie oor die nodige fondse beskik om alle skole met die oprigting van dié soort hulpmiddels of infrastruktuur te help nie.

Die Departement wys tereg daarop dat die eerste verantwoordelikheid vir die gedrag van leerders, onderwyspersoneel en buitestanders by die gemeenskap self lê. Dit sluit aan by studies soos dié van S.K. Singh in sy doktorale proefskrif van 2006 aan die Universiteit van KwaZulu-Natal, *Violence in schools: a recipe for disaster*, wat geweld in skole direk aan 'n gebrek aan dissipline in ouerhuise toeskryf.

Tog het skole net so 'n belangrike rol om te speel en het onduidelikheid oor of 'n gebrek aan die handhawing van dissipline op skoolterreine ewe negatiewe gevolge. Skole waar geweld met sukses bestry word, is dié waar die gemeenskap, skole en betrokke owerhede hande vat en saam optree om die geweld te voorkom. Daar is verskeie maatreëls wat skole kan instel wat tot meer geestelike sekuriteit en fisieke veiligheid kan bydra. Dit sluit goeie bestuur, doeltreffende niegewelddadige dissipline, duidelike gedragskodes, goeie verhoudings tussen opvoeders en leerders, en die aanmoediging en bemagtiging van leerders om akademies te presteer in. Deur dit te handhaaf, kan skole selfs 'n positiewe invloed op omliggende gemeenskappe hê omdat dit gemeenskappe se norme wat geweld betref mettertyd kan verander.

Deur die jare is verskeie beleide en programme – byvoorbeeld die Nasionale Skoleveiligheidsraamwerk – ontwikkel om die voorkoms van geweld te probeer stuit. Tog styg die aantal voorvalle steeds. Aan die een kant is dit omdat selfoontegnologie dit vir enigeen moontlik maak om 'n voorval te verfilm en dadelik wyd te publiseer; aan die ander kant bewys dit dat die noodsaaklike verhouding tussen gemeenskap, ouers, leerders, onderwyspersoneel en owerhede nog nie werk soos wat dit moet nie. Redes wat hiervoor aangevoer word, is onder meer die gebrek aan duidelikheid oor almal se onderskeie rolle in die inwerkingstelling van dié beleide, 'n gebrek aan monitering, integrasie van skole se planne in die breër veiligheidstrategieë van hul omliggende gemeenskappe, asook kommunikasie tussen alle belanghebbendes.

Die SAPD loods deurlopend klopjagte in skole en vind dikwels dwelms, asook wapens soos messe en selfs vuurwapens by leerders. 'n Vinnige soektog na berigte in die media die afgelope jaar lewer 'n paar resultate van dié soort aksies op:

- "Search leads to finding drugs and dangerous weapons on Mams learners" – *Rekord*, 8 Maart 2022
- "Drugs and weapons confiscated during school raids" – *Benoni City Times*, 4 Mei 2022
- "Drugs, knives confiscated during search and seizure operations" – News24, 23 Augustus 2022
- "Look: What police found during raids at Mpumalanga schools" – *IOL*, 26 Augustus 2023
- "Police search for weapons, illegal materials at Rydalpark Secondary" – *North Coast Rising Sun*, 13 September 2022
- "Drugs and knives seized at a Hanover Park primary school" – *IOL*, 9 Februarie 2023
- "Messe, sigarette en talle ander skerp voorwerpe gevind toe polisie klopjag op Kimberley-skool uitvoer" – afrinuus.com, 2 Maart 2023

In die *North Coast Rising Sun* se berig word die publiek daaraan herinner dat dié soort klopjagte gereeld deur die SAPD onderneem word om die veiligheid van sowel personeel as leerders te help verseker. Wanneer daar na die resultate in die bogenoemde, asook vele ander mediaberigte hieroor gekyk word, kan nie ontken word dat dit nodig is nie. Dit moet egter op so 'n wyse geskied dat dit juis 'n atmosfeer van veiligheid in skole bevorder, en nie om die vernietigende kultuur van vrees net nog verder te vererger nie.

# ’N FOKUS OP BOELIERY IN SKOLE EN WENKE OOR PROAKTIEWE OPTREDE DAARTEEN

Een van die vier tipes skolegeweld wat hierbo geïdentifiseer is, is boeliery. Die woord *boelie* het die afgelope dekade ’n gonswoord geword wat nie net in die gange van Suid-Afrika se skole weergalm nie, maar ook in die lewens van volwassenes, soos by werksplekke en selfs by ouetehuise en aftreeoorde. Dit maak boeliery nie net ’n kinderprobleem nie, maar ook ’n deurlopende menslike probleem. Dit is ook ’n wêreldwye probleem, wat verdere sosiale implikasies veroorsaak wat tot geweld en misdaad lei.

AfriForum het sedert 2017 met ons teenboelieveldtog byna 200 skole landwyd besoek en sowat 160 000 leerders bereik. In dié tydperk het AfriForum se teenboelieveldtogspan uitgevind wat die omvang van boeliery in Suid-Afrika se skole werklik is. Hierdie probleem staar skole daagliks in die gesig. Daar is verskeie vorms van boeliery:

- fisiese boeliery, soos skop, slaan of boks
- verbale boeliery, byvoorbeeld dreigemente of om kinders name te noem of die spot met hulle te dryf
- emosionele boeliery, wat sosiale uitsluiting of intimidasie deur dreigemente of gebare insluit
- seksuele boeliery met ongewenste of onvanpaste opmerkings van ’n seksuele aard, of foto’s of video’s wat gestuur word en wat die ontvangers nie wou sien nie
- kuberafknouery, wat aanlyn en op sosialemediaplatforms plaasvind

Verbale boeliery is een van die mees algemene vorms van boeliery wat by laer-, sowel as hoërskole plaasvind. Kuberboeliery het die afgelope drie jaar meer as verdubbel, waar kinders aanlyn geteister word, en blootgestel word aan of slagoffers word van kinderpornografie. Dit is belangrik dat ouers weet wat op hul kinders se selfone aangaan en om hulle teen die moontlike lewenslange gevolge daarvan te waarsku.

Mens moet wel in ag neem dat alles nie noodwendig as boeliery gesien kan word nie. Konflik en boeliery kan baie maklik met mekaar verwar word. Boeliery word gedefinieer as skadelike of aggressiewe gedrag wat op ’n aanhoudende wyse plaasvind en spesifiek gerig word op ’n persoon (byvoorbeeld ’n ander leerder) met minder gesag en selfvertroue as die boelie. Aan die ander kant is konflik normaal en deel van ons alledaagse lewens. Konflik is wanneer ’n meningsverskil of argument plaasvind waarin beide kante hul mening uitspreek. In die geval van normale konflik sal kinders hul gedrag moniteer om leidrade te lees. Indien hulle sien dat dinge te ver gaan, sal hulle hul gedrag verander. Kinders wat deur empatie gelei word, besef wanneer hulle besig is om iemand seer te maak en sal dié gedrag dan gewoonlik stop sodat iemand nie met opset seergemaak word nie. Konflik ontaard in boeliery wanneer hulle met die skadelike gedrag voortgaan met die doel om iemand seer te maak.

Skole kan soos volg in boeliery ingryp:

- Skole moet ’n teenboeliebeleid hê wat met die onderwysers, beheerliggaam, leerders en ouers van die skool bespreek word.
- Onderwysers moet klaskameraksies teen boeliery neem, waar die empatie, proaktiewe aksies en positiewe gedrag van omstanders bevorder word.
- Portuurgroepondersteuning is nodig, soos om ’n maatjiestelsel of ’n boelieraad in plek te stel, waar ouer kinders as leiers optree deur ondersteuning aan jonger kinders te bied.

’n Skool moet ’n veilige hawe wees waar slagoffers gewillig is om met onderwysers, sielkundiges of beraders by die skool te praat indien hulle geboelie word, sodat die skool dadelik kan optree en proaktiewe stappe kan neem voordat die situasie hand uitruk. Onderwysers moet kinders gereeld bewus maak van die gevare van boeliery en wat gedoen kan word om dit hok te slaan – op dié wyse word kinders ook bemagtig om proaktief op te tree.

Indien jy ’n bekommerde ouer of onderwyser is en nie seker is of ’n kind ’n teiken van afknouery is nie, mag die onderstaande tekens vir jou ’n aanduiding gee of dit wel so is:

- Die kind wil nie skool toe te gaan nie.
- Daar is ’n verandering in slaappatrone.
- Daar is ’n verandering in geaardheid.
- Vriendverskuiwings vind plaas.
- Akademiese prestasie versleg of punte daal.
- Daar is ’n verandering van eetgewoontes.
- Die kind is depressief.
- Daar is onverklaarbare beserings, soos kneusplekke, snye of krapmerke.

- Daar is vernielde of verlore skoolboeke, klere of elektroniese toestelle.
- Die kind kla gereeld oor maagpyn, naarheid, hoofpyn of dat hy of sy siek voel.

Indien sommige van hierdie tekens by 'n kind voorkom, is kommunikasie tussen ouer en kind, ouer en onderwyser, en onderwyser en kind die grootste prioriteit. Soms maak kinders nie oop oor wat werklik op die stoepe by die skool, agter toe deure (soos op hul selfone) of in hul harte aangaan nie. Een wyse waarop ouers so 'n situasie kan hanteer, is om vrae minder persoonlik (of reguit) aan die kind te stel. 'n Mens kan byvoorbeeld noem dat ander mense ook boeliery beleef, deur in generiese terme oor die probleem te praat. Later kan meer persoonlike vrae aan hulle gerig word, byvoorbeeld: "Ek het die afgelope tyd baie mense oor boeliery hoor praat. Wat beteken dit vir jou? Was jy al ooit deur iemand geboelie? Is enige van jou vriende dalk 'n teiken van kuberboeliery op sosiale media? Indien wel, hoe het hulle daarop gereageer?"

Indien onderwysers onraad op die kind se selfoon vermoed, is dit belangrik om die ouers in kennis te stel, sodat daar saam aan oplossings gewerk kan word en om te verseker dat bewyse van kuberboeliery gestoor word.

Tree proaktief op deur vir kinders die volgende vaardighede en strategieë te leer:

- **Motiveer openlikheid en eerlikheid**
  Moedig kinders aan om met jou of met hul onderwysers te praat indien hulle bang voel, sodat hulle hulp en perspektief oor die ander persoon se gedrag kan kry om sodoende boeliery hok te slaan. Kinders kan maklik emosioneel vasgevang voel en daarom is dit vir hulle nodig om met 'n volwassene te gesels wat hulle vertrou.

- **Ontwikkel sosiale en emosionele vaardighede**
  Wanneer hierdie tipe vaardighede ontwikkel en aangeleer word, kan kinders boeliery makliker hanteer. Dit is belangrik om empatie vir kinders te leer, want volgens Carolyn Zahn-Waxler, 'n navorsingswetenskaplike in sielkunde en psigiatrie by die Universiteit van Wisconsin, is empatie 'n vaardigheid wat aangeleer en ontwikkel kan word, selfs al van 'n baie jong ouderdom af. Dit bevorder emosionele welstand en help kinders om probleme op te los, konflik te hanteer en verhoudings te bevorder. Aktiwiteite oor hoe jy jou kind empatie kan leer, word in AfriForum se teenboeliegids uiteengesit. Laai dié gids gratis by https://afriforum.co.za/wp-content/uploads/2021/09/Teenboeliegids.pdf af.

- **Breek los van die boelievoorval**
  Bemagtig kinders deur vir hulle ferm maar vriendelike frases te gee vir wanneer hulle geboelie word. Hulle kan ook humor gebruik uit 'n gespanne situasie te kom. Dit sal hulle ook selfvertroue gee. 'n Ander opsie is om die boelie te ignoreer, of hulle kan eenvoudige taal gebruik deur vir die boelie te sê: "Dit is nou genoeg! Hou asseblief op!" Onthou om vir hulle te sê dat hulle oogkontak moet behou en dat hulle met selfvertroue moet optree. Indien moontlik kan hulle wegloop van die situasie en die boelie ignoreer om rusie te vermy.

- **Weet waarheen om te gaan**
  Help kinders om 'n spesifieke persoon of plek te identifiseer (soos byvoorbeeld die skoolkantoor, 'n onderwyser of die skool se sielkundige of berader) indien hulle bang voel.

As ouer is mens geneig om dadelik sterk op te tree wanneer jou kind afgeknou word. Dit is verstaanbaar, want jou kind bly jou kind en jy wil hulle beskerm. Pas op om nie dadelik na die skool te hardloop en met die eerste kind of onderwyser te baklei nie – emosies kan hoog loop. Deur te skree of té sterk oor te kom, mag jy jou kinders dalk in die verleentheid stel, wat sal veroorsaak dat hulle jou nie van toekomstige boelievoorvalle sal vertel nie. Wees kalm, luister na jou kinders sonder om dadelik te reageer, sodat hulle jou meer vertel oor wat gebeur het. Werk dan saam met hulle en die skool, sodat 'n aksieplan van stapel gestuur kan word. Wees deel van die oplossing! So kan jy jou kinders ook help om vaardighede aan te leer en sterk te staan sodat hulle eendag in die grootmenswêreld teen boelies kan opstaan wanneer jy nie daar is om hul gevegte namens hulle te veg nie. Hulle sal self dapper en met selfvertroue kan optree. Onthou: Respek is altyd belangrik!

Indien skole, ouers, leerders en onderwysers kan leer om proaktief op te tree deur mekaar te bemagtig, kan hulle sorg vir veilige skole. Veilige skole kweek ook veilige gemeenskappe – nie net nou nie, maar ook vir die toekoms. So kan ons help om gemeenskappe te vestig wat vry, veilig en voorspoedig is!

Besoek gerus **www.teenboelie.co.za** vir meer inligting.

# RIGLYNE VIR KLOPJAGTE BY SKOLE

Met boeliery en geweld wat dus 'n realiteit in skole is, is klopjagte 'n werklikheid waarop skole, ouers en kinders voorbereid moet wees.

Klopjagte behels die nagaan of deursoek van mense of hul besittings vir spesifieke voorwerpe. Die Strafproseswet 51 van 1977 onderskei tussen twee tipes klopjagte. Die eerste is waar 'n lasbrief verkry moet word voordat die klopjag kan plaasvind (artikel 21(1)). Die tweede tipe – wat van die meeste belang vir die doeleindes van dié gids is – word omskryf in artikel 22 van dié wet. Dit bepaal dat 'n polisiebeampte **sonder** 'n lasbrief 'n persoon mag deursoek indien die persoon tot só 'n deursoeking instem, of indien die polisiebeamptes op redelike grond dink dat 'n lasbrief aan hulle uitgereik sal word as hulle daarvoor aansoek doen, en as die vertraging om so 'n lasbrief te verkry, die doel van die deursoeking sal verydel.

Artikel 110 van die Wet op Beheer van Vuurwapens 60 van 2000 bevestig die bogenoemde met betrekking tot vuurwapens, ammunisie en ander voorwerpe waarmee dié wet handel.

Artikel 8(2) van die Skolewet 84 van 1996 magtig voorts skoolhoofde of hul afgevaardigdes om leerders en/ of hul eiendom lukraak te ondersoek indien daar 'n redelike vermoede bestaan dat dié leerders in besit van gevaarlike voorwerpe of onwettige dwelmmiddels is, of dat gevaarlike voorwerpe of onwettige dwelmmiddels op die skoolgronde of gedurende skoolaktiwiteite gevind kan word.

Polisiebeamptes wat redelikerwys vermoed dat enige bepaling van die Wet op Dwelmmiddels en Dwelmsmokkelary 140 van 1992 oortree word of op die punt staan om oortree te word, mag ingevolge artikel 11(a) van dié wet enige perseel betree en enige houer of voorwerp deursoek waarin 'n dwelmmiddel vermoedelik versteek kan word. Volgens artikel 11(b) kan dié beamptes ook 'n persoon of enigiets in daardie persoon se besit deursoek indien die vermoede redelikerwyse bestaan.

Omdat die deursoeking van persone en/of hul eiendom so 'n drastiese stap is en nie verder inbreuk op persone se regte moet maak nie, maak die betrokke wetgewing voorsiening daarvoor dat enige deursoeking welvoeglik en ordelik moet geskied. Ingevolge artikel 8A(4)(a) van die Skolewet moet die persoon wat die ondersoek behartig van dieselfde geslag wees as die persoon wat ondersoek word. Dié vereiste word ook in artikel 29 van die Strafproseswet en artikel 11(b) van die Wet op Dwelmmiddels en Dwelmsmokkelary gestel. Indien die gemagtigde persoon van 'n ander geslag is as die persoon wat deursoek word, moet iemand aangewys word om die deursoeking te behartig. Die deursoeking moet ingevolge artikel 8A(3)(b) van die Skolewet ook op so 'n wyse gedoen word dat dit redelik is en in verhouding is tot die vermeende aktiwiteit. Ingevolge artikel 8A(4)(b)(c) moet die deursoeking voorts privaat gedoen word waar ander leerders dit nie kan sien nie. Boonop moet 'n ander volwassene van dieselfde geslag as die persoon wat deursoek word ook teenwoordig wees. Artikel 8A(4)(d) bepaal voorts dat geen liggaamsholte van die leerder deursoek mag word nie.

## Waarop mag daar beslag gelê word gedurende so 'n deursoekingsproses?

Artikel 20 van die Strafproseswet bepaal dat daar beslag gelê mag word op enige voorwerp wat betrokke is by of waar daar redelikerwys vermoed word dat dié voorwerp betrokke is by die pleging of vermeende pleging van 'n misdryf, wat 'n bewys kan wees van die pleging of vermeende pleging van 'n misdryf, of wat bestem is of waar redelikerwys vermoed word dat dit bestem is om by die pleging van 'n misdryf gebruik te word.

Ingevolge artikel 11(g) van die Wet op Dwelmmiddels en Dwelmsmokkelary mag 'n polisiebeampte beslag lê op enige voorwerp wat na die beampte se mening verbind is aan, of as getuienis kan dien dat dié wet oortree word.

Die Skolewet bepaal dat daar beslag gelê mag word op enige onwettige dwelmmiddel en gevaarlike voorwerp.

’n Onwettige dwelmmiddel word – ongeag enige ander definisie soos deur ander wetgewing aangedui – in artikel 1 van die Skolewet gedefinieer as enige onwettige stof wat ’n sielkundige of fisiologiese uitwerking het, of enige stof wat so ’n uitwerking het wat onwettig besit word. ’n Gevaarlike voorwerp word ook in artikel 1 beskryf as enige springstof of ontplofbare toestel, vuurwapen, gaswapen, artikel, voorwerp of instrument wat gebruik kan word om ’n persoon liggaamlike leed aan te doen of eiendom te beskadig, of om ’n persoon tydelik te verlam of bewusteloos te laat. Dit sluit ook enige voorwerp in wat die minister vir die doeleindes van hierdie wet in die Staatskoerant tot gevaarlike voorwerp verklaar. Die voorwerp waarop daar beslag gelê is, moet dan aan die SAPD oorhandig word. In hierdie opsig bepaal artikel 30 van die Strafproseswet soos volg:

30 Beskikking oor voorwerp deur polisiebeampte na beslaglegging:

’n Polisiebeampte wat ’n in artikel 20 bedoelde voorwerp in beslag neem of aan wie so ’n voorwerp ingevolge die bepalings van hierdie Hoofstuk oorhandig word –

(a) kan, indien die voorwerp bederfbaar is, met behoorlike inagneming van die belange van die betrokke persone, oor die voorwerp beskik op die wyse wat die omstandighede vereis; of

(b) kan, indien die voorwerp gesteelde goed of vermoedelik gesteelde goed is, met die toestemming van die persoon van wie dit in beslag geneem is, die voorwerp aan die persoon oorhandig van wie daardie voorwerp, na die oordeel van die bedoelde polisiebeampte, gesteel is, en moet daardie persoon waarsku om bedoelde artikel vir voorlegging by enige gevolglike strafregtelike verrigtinge beskikbaar te hou, indien aangesê om dit te doen; of

(c) moet, indien die voorwerp nie ingevolge die bepalings van paragraaf (a) of (b) oor beskik of oorhandig word nie, ’n onderskeidende uitkenningsteken daarop aanbring en dit in polisiebewaring hou of sodanige ander reëling met betrekking tot die bewaring daarvan tref as wat die omstandighede vereis.

## Wie mag die deursoeking behartig?

Die volgende persone mag ingevolge toepaslike wetgewing die deursoeking behartig:

- die skoolhoof (ingevolge artikel 8A(2) van die Skolewet)
- iemand wat deur die skoolhoof aangewys is (ingevolge artikel 8A(2) van die Skolewet)
- polisiebeamptes (ingevolge artikel 22 van die Strafproseswet en/of artikel 11(b) van die Wet op Dwelmmiddels en Dwelmsmokkelary)
- persone wat deur die polisiebeamptes aangewys is (ingevolge artikel 29 van die Strafproseswet en/of artikel 11(b) van die Wet op Dwelmmiddels en Dwelmsmokkelary)

Dit is ongelukkig ’n werklikheid dat al hoe meer leerders met gevaarlike voorwerpe of onwettige dwelmmiddels die skoolterrein betree of skoolaktiwiteite bywoon. By sommige skole het dié verskynsel hand uitgeruk en onskuldige leerders se welstand word deur dié gedrag bedreig. Staatsdepartemente het begin saamwerk in ’n poging om dit hok te slaan. Hoewel dit as edel beskou kan word, is dit vir baie leerders en onderwysers uiters traumaties om – dikwels sonder vooraf waarskuwing – lukraak deur lede van die SAPD en hul toegewese hulp deursoek te word. Dit is een van die bevoegdhede van die SAPD om hierdie tipe klopjagte van stapel te stuur, maar sulke klopjagte móét ordelik en welvoeglik geskied.

## Wenke vir die skoolhoof

- Bou goeie verhoudings met die plaaslike polisiestasie en die plaaslike stasiebevelvoerder, hoewel dit nie altyd moontlik is nie. Dit is 'n praktiese troosprys om vergaderings van die plaaslike gemeenskapspolisiëringforum (GPF) by te woon of 'n kontak te hê wat dié vergaderings bywoon. Dit skep die geleentheid vir proaktiewe optrede.
- Werk aan 'n gebeurlikheidsplan. Kyk op bladsy 11 vir 'n voorbeeld van so 'n gebeurlikheidsplan.
- Herinner leerders en hul ouers voortdurend aan die risiko dat hierdie tipe klopjagte kan plaasvind. Dit sal die tweeledige doel van sowel voorbereiding as afskrikking bereik.
- Hou skynklopjagte om leerders daaraan gewoond te maak.
- Indien die SAPD aandui dat hulle 'n klopjag by die skool wil uitvoer of lukraak by die skool gaan opdaag om 'n klopjag uit te voer, moet jy die volle besonderhede van die bevelvoerder van die klopjag neerskryf vir toekomstige verwysing.
- Maak kontak met jou streek se AfriForum-veiligheidspesialis indien jy onveilig voel of leiding nodig het.


## Klagteprosedure

Skakel die volgende AfriForum-verteenwoordigers as jy voel dat 'n klopjag nie op die voorgeskrewe wyse plaasgevind het nie, of as jy verdere leiding in dié verband verlang:

- Joseph Renaud by 081 217 7416 (Vrystaat, Noordwes en KwaZulu-Natal)
- Llewellynn Hemmens by 064 850 1633 (Mpumalanga, Gauteng en Limpopo)
- David Olivier by 066 487 6810 (Noord-, Oos- en Wes-Kaap)

## Ten slotte

Om aan alle betrokkenes 'n gevoel van veiligheid te gee en uitnemende gehalteonderrig te verseker, moet almal seker wees wat hul regte en verpligtinge is wanneer klopjagte uitgevoer word. AfriForum hoop dat hierdie gids sal bydra tot hierdie oogmerke en skoolgemeenskappe sal toerus met kennis om geweld in skole geheel en al te voorkom.



# ’N VOORBEELD VAN ’N GEBEURLIKHEIDSPLAN




## 1. Naam van gebeurlikheidsplan

Byvoorbeeld: Gebeurlikheidsplan A: Deursoeking van leerders deur die SAPD.

## 2. Doel van die gebeurlikheidsplan

Waarom word hierdie plan opgestel? Wat wil die opstellers daarmee bereik of voorkom?

## 3. Opdrag

Dui aan watter persone vir watter take verantwoordelik sal wees, waarom dit nodig is en wanneer dit gaan geskied. Sluit af met ’n uiteensetting van wat moet volg ná elke taak afgehandel is.

## 4. Konsep van die gebeurlikheidsplan

Gee ’n kort beskrywing van die breë uitleg en hoofkomponente van die gebeurlikheidsplan. Dit kan in fases gedoen word:

- Fase 1: Aanvang
- Fase 2: Deursoeking
- Fase 3: Afhandeling

## 5. Volgorde van die verloop van die gebeurlikheidsplan

Bespreek die inhoud van die fases so bondig moontlik en in chronologiese volgorde. Moenie vaag wees nie: Hoe duideliker, hoe beter. Sorg ook dat dit verstaanbaar is.

## 6. Toewysing van bronne

Dui aan watter mannekraghulpbronne en ander logistiese vermoë bestaan en hoe dit gedurende die uitvoer van die gebeurlikheidsplan toegedeel gaan word.

## 7. Bevel-en-beheermaatreëls

Noem wie in beheer van die uitvoering van die plan sal wees en wie in die proses die ondergeskiktes sal wees.

# VERDERE LEESSTOF

## Geweld in skole

Anoniem. 2022. Drugs and weapons confiscated during school raids. *Benoni City Times*, 4 Mei. Beskikbaar by https://benonicitytimes.co.za/?p=439337. Geraadpleeg op 11 Maart 2023.

Bezuidenhout, N. 2022. Drugs, knives confiscated during search and seizure operations. *News24*, 23 Augustus. Beskikbaar by https://www.news24.com/news24/community-newspaper/peoples-post/drugs-knives-confiscated-during-search-and-seizure-operations-20220823. Geraadpleeg op 11 Maart 2023.

Kreifels, I. and Warton, G. S.d. *Addressing violence in South African schools*. Beskikbaar by https://www.saferspaces.org.za/understand/entry/school-violence-in-south-africa. Geraadpleeg op 11 Maart 2023.

Maromo, J. 2022. Look: What police found during raids at Mpumalanga schools. *IOL*, 26 Augustus. Beskikbaar by https://www.iol.co.za/news/crime-and-courts/look-what-police-found-during-raids-at-mpumalanga-schools-941c6bc9-127b-45e7-846e-84490e2f631a. Geraadpleeg op 11 Maart 2023.

Moodliar, S. 2022. Police search for weapons, illegal materials at Rydalpark Secondary. *North Coast Rising Sun*, 13 September. Beskikbaar by https://northcoastrisingsun.co.za/126137/police-search-for-weapons-illegal-materials-at-rydalpark-secondary/. Geraadpleeg op 11 Maart 2023.

Patel, R. 2019. #TALIS 2018 – *What SA teachers are saying*. Beskikbaar by https://insideeducation.co.za/talis-2018-key-findings-on-south-africa/. Geraadpleeg op 11 Maart 2023.

Redaksiespan. 2023. Messe, sigarette en talle ander skerp voorwerpe gevind toe polisie klopjag op Kimberley-skool uitvoer. afrinuus.com, 2 Maart. Beskikbaar by https://afrinuus.com/2023/03/02/messe-sigarette-en-talle-ander-skerp-voorwerpe-gevind-toe-polisie-klopjag-op-kimberley-skool-uitvoer/. Geraadpleeg op 21 Junie 2023.

SaferSpaces. S.d. *School-based violence: the context and impacts*. Beskikbaar by https://www.saferspaces.org.za/understand/entry/school-based-violence-the-context-and-impacts. Geraadpleeg op 11 Maart 2023.

Selaluke, S. 2022. Search leads to finding drugs and dangerous weapons on Mams learners. *Rekord*, 8 Maart. Beskikbaar by https://rekord.co.za/410272/search-leads-to-finding-drugs-and-dangerous-weapons-on-mams-learners/. Geraadpleeg op 11 Maart 2023.

Siebritz, G. 2022. *Increase of violence in schools has become an "epidemic"*. Beskikbaar by https://www.careersportal.co.za/news/increase-of-violence-in-schools-has-become-an-epidemic. Geraadpleeg op 11 Maart 2023.

Suid-Afrikaanse Polisiediens. S.d. *School Safety*. Beskikbaar by https://www.saps.gov.za/child_safety/downloads/school_safety_pamphlet.pdf. Geraadpleeg op 11 Maart 2023.

Tshabalala, T. 2023. Alarm over increase in violent incidents at SA schools. *IOL*, 14 Februarie. Beskikbaar by https://www.iol.co.za/sundayindependent/news/alarm-over-increase-in-violent-incidents-at-sa-schools-f8e9a491-038a-4789-96ff-a11d9f80f979. Geraadpleeg op 11 Maart 2023.

Tshwete, M. 2023. Drugs and knives seized at a Hanover Park primary school. *IOL*, 9 Februarie. Beskikbaar by https://www.iol.co.za/weekend-argus/news/drugs-and-knives-seized-at-a-hanover-park-primary-school-8e779bab-8752-4570-9226-01385edc33c9. Geraadpleeg op 11 Maart 2023.

# VERDERE LEESSTOF

## Boeliery


Alive to Arive. 2018. *Bullying and Cyberbullying: Be Proactive*. Beskikbaar by https:/learn.alivetothrive.com/lesson/bullying-be-proactive/#footnote-1. Geraadpleeg op 10 Maart 2023.

Baillien, E., Notelaers, G., De Witte, H. & Matthiesen, S.B. 2010. The relationship between the work unit's conflict management styles and bullying at work: Moderation by conflict frequency. *In Economic and Industrial Democracy* 32(3): bl. 401–419. DOI: https://doi.org/10.1177/0143831X10377929.

Divecha, D. 2019. What are the best ways to prevent bullying in schools? *Greater Good Magazine*, 9 Oktober. Beskikbaar by: https://greatergood.berkeley.edu/article/item/what_are_the_best_ways_to_prevent_bullying_in_schools. Geraadpleeg op 11 Maart 2023.

Due, P., Holstein, B.E., Lynch, J., Diderichsen, F., Gabhain, S.N., Scheidt, P., Currie, C. & The Health Behaviour in School-Aged Children Bullying Working Group. 2005. Bullying and symptoms among school-aged children: international comparative cross sectional study in 28 countries. In *European Journal of Public Health* 15(2): bl. 128–132. DOI: https://doi.org/10.1093/eurpub/cki105.

Gaete, J., Valenzuela, D., Rojas-Barahona, C., Valenzuela, E., Araya, R. and Salmivalli, C. 2017. The KiVa antibullying programme in primary schools in Chile, with and without the digital game component: study protocol for a randomised controlled trial. In *Trials* 18(75): bl.1–9. DOI: https://doi.org/10.1186/s13063-017-1810-1.

Gordon, S. 2020. *How to tell the difference between conflict and bullying*. Beskikbaar by https://www.verywellfamily.com/conflict-and-bullying-difference-460495. Geraadpleeg op 10 Maart 2023.

National Children's Bureau. 2023. *Anti-bullying alliance: what is sexual and sexist bullying?* Beskikbaar by https://anti-bullyingalliance.org.uk/tools-information/all-about-bullying/sexual-and-sexist-bullying/what-sexual-and-sexist-bullying. Geraadpleeg op 13 Maart 2023.

PACER's National Bullying Prevention Center. 2023. *Conflict vs. Bullying: What's the difference?* Beskikbaar by https://www.pacer.org/bullying/info/questions-answered/conflict-vs-bullying.asp. Geraadpleeg op 11 Maart 2023.

Rigby, K. 2016. School perspectives on bullying and preventative strategies: An exploratory study. *Australian Journal of Education*. 61(1): bl. 1–16. DOI: https://doi.org/10.1177/0004944116685622.

Stopbullying.gov. 2017. *Warning signs for bullying*. Beskikbaar by: https://www.stopbullying.gov/at-risk/warning-signs/index.html. Geraadpleeg op 12 April 2023.

UNICEF. 2018. *Bullying: a global challenge requires a global measure: A recently developed global indicator on bullying looks to close gaps in knowledge*. Beskikbaar by https://www.unicef-irc.org/article/1867-bullying-a-global-challenge-requires-a-global-measure.html. Geraadpleeg op 13 Maart 2023.

# NOTAS



**KONTAKBESONDERHEDE**

www.afriforum.co.za

navrae@afriforum.co.za